

# TRUSTS VERANDERINGE

## Wat is nuut?

### 17 September 2018 - Versterkings tot die Inkomstebelastingopgawe vir Trusts (ITR12T)

Op 17 September 2018, het SARS verskeie veranderinge tot die Inkomstebelastingopgawe vir Trusts (ITR12T), ten opsigte van die jaar van aanslag wat op 28 Februarie 2018 geëindig het, geïmplementeer. Die veranderinge vorm deel van SARS se voortgesette pogings om doeltreffendheid en nakoming te bevorder. Indien jy jou 2018 ITR12T gestoor of ingedien het, voordat die nuutste veranderinge in werking gestel is, sal geen van die nuwe afdelings vir voltooiing vertoon word nie. Die inhoud van die opgawe is ten volle aanpasbaar, gebaseer op die antwoorde op bepaalde vrae wat aan jou gevra word vir voltooiing.

### Van die belangrike veranderinge aan die ITR12T sluit in:

- Die soort trust sal vooraf op die ITR12T voltooi wees. Indien die soort trust Spesiale Trust A of B is, sal geldigverklaringsvrae gestel word vir reaksie, en gebaseer op die antwoorde verskaf, kan die soort trust moontlik verander;
- Bepaalde afdelings op Local Farming Operations (IT48) en Income from Local Partnership Farming Operations (IT48V) sal vooraf-voltooi wees, en bepaalde afdelings sal nou outomaties bereken word;
- Die *Income from Local Farming Operations* (IT48) en *Income from Local Partnership Farming Operations* (IT48V) sal nou voorsiening maak vir negatiewe valuta om vasgelê te word;
- Die trustee sal een of beide van die opsies *Vested* en *Discretionary* kan kies, indien dit op die trust van toepassing is;
- 'n Nuwe vraag ten opsigte van toegerekende inkomste uit Beheerde Buitelandse Maatskappye is tot die ITR12T wizard gevoeg. Indien dit op die trust van toepassing is, sal die ITR12T 'n nuwe afdeling vir voltooiing vertoon; en
- Die volgende afdelings is tot die ITR12T en ITA34T gevoeg:
  - Vermindering in skuld (artikel 19).
  - Kontantbydraes tot 'n rehabilitasie trustfonds (artikel 37A).
  - Bedrae ten opsigte van bepaalde (erflik-belasde) intellektuele eiendom (artikel 23I).

### Stawende dokumentasie en addisionele inligting

Die volgende dokumente (teen 'n minimum) word benodig om die inkomstebelastingopgawe vir trusts (ITR12T) op eFiling te voltooi:

- Finansiële state en/of administrasie rekeninge
- Alle sertifikate en dokumente met betrekking tot inkomste en aftrekkings
- Bewys van enige belastingkrediete geëis
- Besonderhede van bates en laste
- Besonderhede van persone/begunstigdes aan wie inkomste, kapitaal en/of bates verdeel/gevestig is.

**Neem asseblief kennis** dat indien 'n ITR12T by 'n SARS-tak ingedien word, alle toepaslike stawende dokumente verskaf moet word.

**Onthou om alle stawende dokumente vir vyf jaar te hou. SARS kan die dokumente versoek indien verifiëring nodig is.**

Waar van toepassing, moet die volgende skedules voltooi word, omdat jy vereis sal word om dit op te laai ten opsigte van jou ITR12T indiening:

- Waar die trust by mynbou of mynboubedrywighede was, soos omskryf in artikel 1 van die Wet op Inkomstebelasting: [Mynboubylae A en B](#).
- Waar die trust, tesame met enige verbonde persoon ten opsigte van die trust, minstens 10% van die deelnemingsregte in enige [Beheerde Buitelandse Maatskappy \(CFC\)](#) hou: [IT10B-skedule \(ten opsigte van elke CFC\)](#) vir belastingjare vanaf 2012. Vir belastingjare voor 2012, verwys na die [IT10A-skedule](#).

Om die stawende dokumente deur eFiling op te laai, klik op "Upload supporting documents" sodra jy gereed is om jou opgawe in te dien.

### Instandhouding van geregistreerde besonderhede van die trust

- Voordat die ITR12T-opgawe voltooi word, moet die trustbesonderhede opgedateer word.
- Maak seker dat die kontak-, adres-, bank- en trusteebesonderhede korrek is deur op te dateer, waar van toepassing, op die *Registration, Amendments and Verification* (RAV01) vorm. Die RAV01 kan geverifieer en opdateer word deur:
  - Klink op “Maintain Registered Particulars” op eFiling. SARS kan jou versoek om 'n tak te besoek om enige veranderinge aan die bankbesonderhede, wat deur eFiling gedoen is, te verifieer; of
  - Besoek 'n SARS-tak. Verwys asseblief na die RAV01-gids op die SARS-webtuiste om die verpligte stawende dokumente (relevante materiaal) voor te berei wat vereis word wanneer bankbesonderhede en trusteebesonderhede opdateer word by 'n SARS-tak.

Neem asseblief kennis dat ITR12T's wat per hand voltooi en gepos word, nie meer deur SARS aanvaar word nie.

#### **Hoe om die ITR12T in te dien**

Jy kan die ITR12T deur die volgende kanale indien:

- eFiling: Belastingpligtiges wat nog nie vir eFiling geregistreer het nie, word aangemoedig om dit te doen, omdat dit hulle in staat sal stel om die opgawe aanlyn te voltooi en in te dien, in 'n veilige omgewing.
- SARS-tak: Indien jy 'n trust met tien of minder begunstigdes verteenwoordig, het jy die opsie om die opgawe deur 'n agent by 'n tak te laat vaslê. Druk asseblief die opgawe uit en voltooi al die nodige afdelings voordat jy die tak besoek. SARS-takke sal nie meer die ITR12T druk nie.

Neem asseblief kennis dat ITR12T's wat per hand voltooi en gepos word, nie meer deur SARS aanvaar word nie.

**Top wenk:** 'n Voorbeeld van die nuwe ITR12T-vorm is beskikbaar.

Vir meer inligting, verwys asseblief na die opdateerde gidse, [Step-by-Step Guide to complete your ITR12T via eFiling](#) en die [Comprehensive Guide to the ITR12 for Trusts](#).